basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS V1**

**2017**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE NA 1946 OP DIE EKONOMIESE SITUASIE IN EUROPA GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Verduidelik die term *inperking (stuiting)* in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.1.2 Noem DRIE maniere in die bron wat die Verenigde State van Amerika kon gebruik het om die inperkingsbeleid (stuitingsbeleid) te implementeer. (3 x 1) (3)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die ekonomiese heropbou van lande in Wes-Europa die Verenigde State van Amerika se ekonomie in die laat 1940's kon bevoordeel het. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE maniere waarop George Marshall van plan was om mense in verskeie Europese lande by te staan. (2 x 1) (2)

1.2.2 Waarom, volgens die bron, was dit vir die Verenigde State van Amerika nodig om die 'ekonomiese welstand in die wêreld' te herstel? (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat, dink jy, is met die volgende stelling bedoel: 'Regerings, politieke partye of groepe wat daarna streef om menslike ellende (lyding) te verleng om polities of andersins daaruit voordeel te trek, sal boonop teenstand van die Verenigde State ondervind'? (2 x 2) (4)

1.2.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor hoe die Marshall-plan geïmplementeer is. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die bron, het Stalin die ekonomiese mag van die Verenigde State van Amerika gevrees? (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik, in jou eie woorde, Stalin se houding teenoor die Weste:

(a) Voor die Marshall-plan geïmplementeer is (1 x 2) (2)

(b) Na die Marshall-plan geïmplementeer is (1 x 2) (2)

1.3.3 Lewer kommentaar op waarom Stalin beweer het dat die Marshall-plan 'n 'aanvalsbedreiging' vir die Sowjetunie was. (2 x 2) (4)

1.3.4 Kies enige DRIE lande in die bron wat koalisieregerings voor die bekendstelling van die Marshall-plan gevorm het. (3 x 1) (3)

1.4 Bestudeer Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1C verskil van die inligting in Bron 1B ten opsigte van die doel van die Marshall-plan. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprenttekenaar ten opsigte van die Marshall-plan oordra. (2 x 2) (4)

1.5.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink die spotprenttekenaar 'brood' gebruik het om die Marshall-plan te simboliseer. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1946 op die ekonomiese situasie in Europa gereageer het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE BETEKENISVOL WAS DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE VIR SUIDELIKE AFRIKA?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bewyse in die bron, na watter buitelandse land het Nelson Mandela gereis nadat hy in 1990 uit die gevangenis vrygelaat is? (1 x 1) (1)

2.1.2 Verduidelik waarom Nelson Mandela beweer het dat die Slag van Cuito Cuanavale 'n 'mylpaal in die geskiedenis van die vryheidstryd' was. (2 x 2) (4)

2.1.3 Definieer die term *beleërin*g in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'die Slag van Cuito Cuanavale … die geskiedenis en politieke landskap van die Suider-Afrikaanse streek onherroeplik verander' het. (2 x 2) (4)

2.1.5 Maak 'n lys van die DRIE magte in die bron wat die apartheid militêre magte verhoed het om Cuito Cuanavale binne te dring. (3 x 1) (3)

2.1.6 Watter rol, volgens die inligting in die bron, het Umkhonto we Sizwe gedurende die Slag van Cuito Cuanavale gespeel? (1 x 2) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die boodskappe wat die bron oordra ten opsigte van die verhouding tussen Nelson Mandela en Fidel Castro in 1991. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.2.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die verhouding tussen die African National Congress en Kuba navors. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Kies TWEE bewysstukke uit die bron wat aandui dat Cuito Cuanavale baie 'afgeleë' was, ver van Suid-Afrika en Kuba. (2 x 1) (2)

2.3.2 Verduidelik waarom jy dink Ronnie Kasrils 'baie dankbaar' was dat Kuba Suid-Afrika ondersteun het na die verkryging van demokrasie in 1994. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Watter TWEE lande, volgens die ANC, het die apartheidsregime se weermag by Cuito Cuanavale verslaan? (2 x 1) (2)

2.4.2 Waarom, volgens die bron, het verskeie ANC-presidente die 'Kubane as helde' vereer? (1 x 2) (2)

2.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Afriforum teen die ANC se weergawe van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale gekant was. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2A en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in hierdie bronne verskil ten opsigte van die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die belang van die Slag van Cuito Cuanavale vir Suidelike Afrika verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERS VAN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN DIE 1950's OP DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL GEREAGEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Verduidelik die term *segregasie* in die konteks van die krisis in die 1950's by Central High School. (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoe, volgens die inligting in die bron, het die Hof gereageer op die rassesegregasie van kinders by skole? (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die Hof se beslissing oor die uitwerking wat segregasie op swart Amerikaanse kinders gehad het. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wie, volgens die bron, was verantwoordelik vir die opstel van 'n plan ten opsigte van die desegregasie van skole in Little Rock? (1 x 1) (1)

3.2.2 Waarom is die oorspronklike plan vir skooldesegregasie nie geïmplementeer nie? (1 x 2) (2)

3.2.3 Noem DRIE stappe wat distriksamptenare gedoen het om te verseker dat desegregasie in alle skole geïmplementeer word. (3 x 1) (3)

3.2.4 Verduidelik hoe die 'oorplasingsbepaling' teenstrydig was met die Federale Hooggeregshofbeslissing van 1954 ten opsigte van die integrasie van skole in die VSA. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Identifiseer die hoofsaak wat in die pamflet aangeroer is. (1 x 1) (1)

3.3.2 Haal DRIE bewyse uit die pamflet aan wat toon dat die Mothers' League die segregasie van skole ondersteun het. (3 x 1) (3)

3.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en sê wat jy dink met die woorde 'STEM ASSEBLIEF REG!!!' geïmpliseer is. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

3.4.2 Verduidelik waarom die Nasionale Garde in 1957 besluit het om te voorkom dat Elizabeth Eckford Central High School, binnegaan. (2 x 2) (4)

3.4.3 Lewer kommentaar op waarom 'n historikus wat navorsing doen oor die desegregasie van Central High School hierdie bron bruikbaar sou vind. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3C en 3D. Verduidelik op watter maniere die bewyse in Bron 3D die inligting in Bron 3C ondersteun ten opsigte van die integrasie van skole in die Verenigde State van Amerika. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die burgers van Little Rock, Arkansas, in die 1950's op die desegregasie van Central High School gereageer het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die hoofrede waarom die Verenigde State van Amerika tussen 1963 en 1975 nie daarin geslaag het om Viëtnam te verslaan nie, was hoofsaaklik weens die uitnemende militêre taktiek van die Viëtkong.

Verduidelik tot watter mate jy met die stelling hierbo ten opsigte van die oorlog in Viëtnam saamstem. Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Beide die Kongo en Tanzanië het gesukkel om sterk ekonomieë te ontwikkel nadat hulle in die 1960's onafhanklikheid verkry het.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die ekonomiese beleide wat in die Kongo en Tanzanië geïmplementeer is nadat hulle onafhanklikheid verkry het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Malcolm X was op sy eie in die 1960's vir die opkoms van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika verantwoordelik.

Stem jy met die stelling hierbo saam? Gebruike relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS V1**

**2017**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE NA 1946 OP DIE EKONOMIESE SITUASIE IN EUROPA GEREAGEER?**

**BRON 1A**

Hierdie bron verduidelik die Verenigde State van Amerika se voorneme om van 1947 af die verspreiding van kommunisme in Europa te stuit.

… Amptenare van die Verenigde State van Amerika het in 1947 en 1948 nie presiese idees gehad oor hoe om inperking (stuiting) te implementeer nie. Moes inperking (stuiting) orals toegepas word? Moes dit militêr toegepas word? Moes Amerika fokus op ekonomiese hulp aan nasies wat hulle ekonomieë wou heropbou? Moes die Verenigde State voorkeur aan besettingsbeleide gee, veral in Duitsland en Japan?

Die Verenigde State se president het aanvanklik, in wat as die Truman-leer bekend geword het, militêre hulp aan Griekeland en Turkye voorgestel, en verklaar dat die Verenigde State oral totalitêre uitbreiding sou betwis. Maar sy onderhoriges het egter gou besef dat hulle prioriteite versigtig sou moes bereken. Hulle het besluit dat hulle eerder op ekonomiese heropbou as op militêre herbewapening in Wes-Europa moes fokus; dat hulle na die verbrokkeling van ondersteuning van kommunistiese partye in Frankryk, Italië en Griekeland moes streef; dat hulle die hernuwing (herstel) van Wes-Duitsland en Japan moes bestuur, en hulle toekomstige mag moes kies. Inperking (Stuiting) het beteken dat Sowjetinvloed en kommunistiese ideologie in die gebiede wat teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog deur die Sowjetunie se magte beset is, ingeperk moes word.

Die Verenigde State het in Junie 1947 die Marshall-plan aangekondig om Europa te help herbou. Die regerings van die meeste Wes-Europese nasies was bly om Amerikaanse geld te ontvang en aan 'n heropbouprogram deel te neem. Maar hulle het ernstige vrese oor die oplewing van Duitse mag gehad. Die Verenigde State het belowe om sy besettingsmagte in Duitsland te hou om die Franse sover te kry om saam te werk.

[Uit http://press.princeton.edu/chapters/pons/s2-9143.pdf. Toegang op 16 Oktober 2016 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit George Marshall se toespraak wat op 5 Junie 1947 in Cambridge, Massachusetts in die Verenigde State van Amerika gelewer is. Hy het sy ekonomiese plan om Europese lande te help, aangekondig.

… Die redmiddel lyk asof dit in die verbreking van die bose (wrede) kringloop en in die herstel van Europa se mense se vertroue in die ekonomiese toekoms van hulle eie lande, en van Europa as 'n geheel, gesoek moet word. Die vervaardiger en die boer in wydverspreide gebiede moet hulle produkte vir geldeenhede kan en wil verruil, en die voortgesette waarde daarvan moet nie bevraagteken word nie.

Afgesien van die demoraliserende (kommerwekkende) invloed op die wêreld in die algemeen en die mense betrokke, moet die gevolge (koste) vir die ekonomie van die Verenigde State vir almal duidelik wees. Dit is logies dat die Verenigde State moet doen wat hy ook al kan om te help met die herstel van die normale ekonomiese welstand in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en geen versekerde vrede kan wees nie. Ons beleid is nie teen enige land of doktrine gerig nie, maar teen honger, armoede en chaos. Die doel behoort die oplewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld te wees, om die opkoms van politieke en maatskaplike toestande waarin vrye instansies kan bestaan, toegelaat word …

Ek is seker dat enige regering wat bereid is om te help met die hersteltaak, die volle samewerking van die Verenigde State se regering sal hê. Enige regering wat probeer om die herstel van ander lande te blokkeer, kan nie hulp van ons verwag nie. Regerings, politieke partye of groepe wat daarna streef om menslike ellende (lyding) te verleng om polities of andersins daaruit voordeel te trek, sal boonop teenstand van die Verenigde State ondervind.

[Uit *Book of Great Speeches* deur A Burnet]

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit 'n artikel met die titel, 'The Turn Towards Confrontation: The Soviet Reaction to the Marshall Plan, 1947'. Dit is deur Scott D Parrish geskryf wat Stalin se verwerping van die Marshall-plan ontleed.

… Stalin het sy vrees dat Amerikaanse ekonomiese mag die Sowjet-invloedsfeer in Oos-Europa effektief kon ondermyn, blootgelê. Onder die dekmantel (verskoning) van die Marshall-plan kon nie net Wes-Europa nie, maar ook Oos-Europa, in 'n anti-Sowjet-koalisie gemobiliseer word …


Die Sowjetreaksie op die Marshall-plan was 'n uitgebreide verskuiwing van hoofstrategie. Voor Marshall se aankondiging het Stalin nog gehoop dat dit moontlik sou wees om ten minste oor sommige kwessies met die Weste saam te werk in die konteks van 'n gemengde verhouding van mededinging en samewerking; nou het hy skynbaar geglo dat selfs beperkte samewerking onmoontlik was. Die aanvalsdreigement wat die Marshall-plan blykbaar weergegee het, het die Sowjetleier oortuig dat die Weste, gelei deur die Verenigde State, vasberade was om 'n vyandige sirkel om die Sowjetunie te skep. Aangesien die Weste deur sy dade getoon het dat hy inherent (natuurlik) vyandig teenoor die Sowjetunie was, het hy [Stalin] blykbaar geredeneer dat enige verdere pogings om 'n kompromie-onderhandeling te bewerkstellig, nie net sou misluk om positiewe gevolge te lewer nie, maar ook die Sowjetunie vir Westerse uitbuiting sou oopstel. Stalin het gevolglik vinnig beweeg om 'n reeks streng maatreëls te implementeer wat nie net geskep is om sy eie invloedsfeer in Oos-Europa te beskerm nie, maar ook om wat hy as Amerikaanse pogings beskou het om 'n anti-Sowjetblok in Wes-Europa te konsolideer, te ondermyn. Hierdie algemene soort beleid sou voortduur tot met sy dood in 1953 …

Voor die Marshall-plan was koalisieregerings met wisselende vlakke van nie-kommunistiese deelname die norm in die streek. Sulke koalisieregerings was voor die somer van 1947 van krag in Pole, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye, Bulgarye en Roemenië. Die besluit om volskaalse sowjetisering van hierdie state toe te pas, is klaarblyklik na die Marshall-plan geneem. Terwyl die vroeëre Nuwe Tipe Regeringstrategie nie die afdwing van Stalinistiese polisiestate dwarsdeur die streek vereis het nie, het die nuwe beleid dit wel gedoen.

[Uit http://fliphtml5.com/lpnd/mdrn/basic.
Toegang op 10 November 2016 verkry.]

**BRON 1D**

Die spotprent hieronder, deur Joe Spier, is in November 1949 deur die regering van Nederland in 'n boekie gedruk.




[Uit http://score.rims.k12.ca.us/7/.
Toegang op 15 November 2016 verkry.]

**Afrikaanse vertaling:**

| **SONDER DIE MARSHALL-PLAN<br>GAAN JOU BROOD KAAL WEES …<br>EN SO OOK JOU KINDERS!** |
|---|

## VRAAG 2: HOE BETEKENISVOL WAS DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE VIR SUIDELIKE AFRIKA?

### BRON 2A

Die uittreksel hieronder is uit 'n publikasie van die Suid-Afrikaanse regering wat die 20ste herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale gevier het.

Die voormalige President, Nelson Mandela, het na sy vrylating in 1991 Kuba sy eerste buitelandse bestemming vir 'n amptelike besoek gemaak. Hy het tydens hierdie besoek in 'n toespraak in Havana (Kuba) die volgende opmerking gemaak:

*'Die nederlaag van die rassistiese weermag by Cuito Cuanavale het dit vir my moontlik gemaak om vandag hier te wees! Cuito Cuanavale is 'n mylpaal in die geskiedenis van die vryheidstryd vir Suidelike Afrika!'*


Die dorp Cuito Cuanavale is teen die internasionale media beskerm en dus was daar min beriggewing oor die feit dat dit vir meer as tien maande, vanaf 1987 tot 1988, onder beleëring in een van die grootste, en wat blyk ook die laaste, gevegte van die Koue Oorlog gebuk gegaan het.

Die Slag van Cuito Cuanavale het die geskiedenis en politieke landskap van die Suider-Afrikaanse streek onherroeplik verander. By die voorheen onbelangrike dorpie, Cuito Cuanavale, het Angolese, Namibiese en Kubaanse magte daarin geslaag om die militêre aggressie van die apartheid militêre magte te stuit. Terselfdertyd het Suid-Afrikaanse vryheidsvegters van Umkhonto we Sizwe, wat in Noordelike Angola geveg het, daarin geslaag om Angolese rebellesoldate te stuit en hulle verhinder om die apartheidsweermag in die suide te versterk. Die vredesonderhandelinge wat op hierdie slag gevolg het, het gelei tot die onttrekking van die Suid-Afrikaanse weermag uit Angola en Namibië, wat gelei het tot die onafhanklikheid van Namibië, en die aanspoor van Suid-Afrika se onderhandelde skikking …

[Uit www.pmpsa.gov.za/files/pdfs/synopsis.pdf. Toegang op 7 Februarie 2017 verkry.]

**BRON 2B**

Die foto hieronder toon Nelson Mandela en Fidel Castro wat in 1991 'n openbare saamtrek in Havana, Kuba, bywoon. Dit was Nelson Mandela se eerste internasionale reis nadat hy uit die gevangenis vrygelaat is.



[Uit https://www.democracynow.org/2013/12/10/nelson_mandela_fidel_castro_a_video. Toegang op 7 Februarie 2017 verkry.]

Nelson Mandela

Fidel Castro

**BRON 2C**

Die uittreksel hieronder is 'n gedeelte van 'n toespraak wat Ronnie Kasrils op 24 April 2008 in Havana, Kuba, gelewer het. Hy het gefokus op hoe die Slag van Cuito Cuanavale 'n belangrike nederlaag vir die apartheidsregime was.

… Cuito Cuanavale. Eenduisend kilometer van Luanda, Windhoek en Lusaka af, tweeduisend kilometer van Pretoria af, meer as tienduisend kilometer van Havana af, maar tog het so 'n afgeleë plek aan die Einde van die Aarde 'n politieke aardskudding veroorsaak en gehelp om 'n eens magtige [apartheid-]regime wat die hele Afrika bedreig het, te begrawe. Cuito Cuanavale het gehelp om tienmiljoene Afrikane in Angola, Namibië en Suid-Afrika te bevry, om die anti-imperialistiese magte van Afrika en verder te versterk en om onbreekbare bande tussen Suid-Afrika en Kuba te bewerkstellig …

Hierdie week vier Suid-Afrika die 14de herdenking van vryheid. Ons het skouspelagtige vordering gemaak met die verbetering van die lewensomstandighede van ons mense, veral die armes … en Kuba is saam met ons op die veeleisendste punte.

Soos ons ambassadeur, kameraad Thenjiwe Mtintso, onlangs uitgewys het: Geeneen van Suid-Afrika se nuutgevonde vriende is, soos die Kubane, bereid om hulle lewens op te offer om in die landelike gebiede van Suid-Afrika te dien nie. Op die oomblik is daar 27 samewerkingsooreenkomste op gebiede soos gesondheid, behuising, konstruksie, onderwys, wetenskap en tegnologie. Sedert 1994 het 150 jong [Suid-Afrikaanse] dokters by Kubaanse universiteite gegradueer terwyl 287 steeds in Kuba studeer met 60 wat jaarliks arriveer. Meer as 500 Kubaanse kundiges doen tans internasionale diens in Suid-Afrika en werk as dokters, professors, spesialiste, in verskillende sfere …

Ons is baie dankbaar vir die hulp wat ons ontvang het.

[Uit www.ssa.gov.za/portals/0/SSA%20docs/speeches/2008/minister%20kasrils%Kuba%2024%20April%202008.pdf. Toegang op 7 Februarie 2017 verkry.]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder is uit 'n artikel wat deur Gary Baines geskryf is. Dit fokus op die belang van die Slag van Cuito Cuanavale vir sommige wit Suid-Afrikaanse Weermag-soldate wat in Angola geveg het.

Sedert die African National Congress die regerende party in Suid-Afrika geword het, het woordvoerders gereeld verklaar dat die triomf van die Angolese en Kubaanse magte by Cuito Cuanavale oor die 'apartheidsweermag' die ANC se hand in die onderhandeling van 'n skietstaking in Suid-Afrika versterk het. Van Nelson Mandela tot Jacob Zuma, het ANC-presidente die Kubane wat hulle lewens uit solidariteit met die vryheidstryd opgeoffer het, as helde vereer …

Hierdie ontwikkelings het daartoe gelei dat afgetrede SAW apologete (ondersteuners) die ANC se weergawe betwis. Boeke, briewe, koerante en blogs is geskryf in 'n poging om reg te maak wat wyd beskou word as 'eensydige' en 'verkeerde' interpretasies van die gebeure. Afriforum, die Afrikaner-drukgroep, het in Februarie 2012 sosiale media gebruik om mense te versoek om 'n veldtog te ondersteun wat eis dat die regering sy wanvoorstelling van [wit] Afrikaner-geskiedenis laat vaar … Hulle is ook gevra om Generaal Jannie Geldenhuys se onlangse boek, *We Were There: Winning the War for Southern Africa*, wat beweer dat die 'werklike' geskiedenis van die Slag van Cuito Cuanavale vertel word, onderskryf …

SAW-veterane (soldate) het op verskeie geleenthede gemobiliseer om die ANC se weergawe van die geskiedenis van die Grensoorlog oor die algemeen te betwis … Want hierdie geskiedenis is deel van wie hulle is en gaan sover as om hulle identiteite in die Suid-Afrika na apartheid te definieer.

[Uit *Replaying Cuito Cuanavale* deur G Baines]

**VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERS VAN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN DIE 1950's OP DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL GEREAGEER?**

**BRON 3A**

Hierdie bron fokus op die uitspraak van die Verenigde State Federale Hooggeregshof in 1954 oor skooldesegregasie. Dit beklemtoon hoe Central High School in Little Rock, Arkansas, deur die uitspraak geaffekteer is.

… die Hof … het in 'n eenparige besluit, deur [Hoofregter] Earl Warren self geskryf, gepraat. Die besluit het aangevoer dat rassesegregasie van kinders in openbare skole die Gelykebeskerming-klousule van die Veertiende Amendement, wat bepaal dat 'geen staat 'n wet sal maak of afdwing wat enige persoon in sy jurisdiksie die gelyke beskerming van wette ontsê nie …'

Aan die ander kant het die Amendement nie integrasie verbied nie. In elk geval het die Hof bevestig (verklaar) dat die Veertiende Amendement vandag gelyke onderwys waarborg. Die Hof het gesê dat openbare onderwys in die 20ste eeu 'n noodsaaklike komponent van 'n burger se openbare lewe geword het, wat die grondslag van demokratiese burgerskap, normale sosialisering en professionele opleiding vorm. In hierdie konteks sal enige kind wat goeie onderwys geweier word, waarskynlik nie in die lewe suksesvol wees nie. Waar 'n staat dus onderneem het om universele onderwys te voorsien, word sodanige onderwys 'n reg wat in gelyke mate aan swartes en wittes verskaf moet word.

Was die swart en wit skole 'hoofsaaklik' gelyk soos die laer howe bevind het? Nadat sielkundige studies bestudeer is wat getoon het dat swart meisies in gesegregeerde skole lae rasseselfrespek het, het die Hof beslis dat om kinders op grond van ras te skei, gevaarlike minderwaardigheidskomplekse veroorsaak wat 'n nadelige uitwerking op swart kinders se leervermoë het. Die Hof het beslis dat selfs as die fisiese geriewe by swart en wit skole dieselfde was, rassesegregasie in skole inherent ongelyk is en dus altyd onkonstitusioneel is.

[Uit http://www.pbs.org/wnet/supremecourt/rights/landmark_brown.html. Toegang op 16 Oktober 2016 verkry.]

**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder fokus op hoe die Little Rock Skoolraad die Federale Hooggeregshofbeslissing van 1954 oor skooldesegregasie aanvaar het. Die raad was slegs gewillig om 'n geleidelike desegregasieproses, wat oor baie jare sou plaasvind, te implementeer.

Die Little Rock Skoolraad het op 22 Mei 1954 het 'n verklaring uitgereik wat verklaar het dat hulle die Hof se besluit sou nakom sodra die Hof die metode en tydsbestek vir implementering uitgestippel het. Die raad het intussen Superintendent Virgil Blossom opdrag gegee om 'n desegregasieplan op te stel. Die skoolraad het in Mei 1955 die Faseprogramplan van geleidelike desegregasie aanvaar, wat as die 'Blossom Plan', na die skrywer vernoem, bekend geword het.

Die plan is oorspronklik bedink om op elementêre skoolvlak te begin. Soos wat ouers van leerders in elementêre skole egter van die mees uitgesproke ondersteuners teen integrasie geword het, het distriksamptenare in die herfs van 1957 egter besluit om nominale (klein) desegregasie by Central High School te begin, om teen 1960 na die junior hoër vlak uit te brei en tentatief, na elementêre vlak teen 1963. Die plan het ook 'n oorplasingsbepaling bevat wat leerders sou toegelaat om van 'n skool waar hulle ras in die minderheid was, oorgeplaas te word. Dit het verseker dat leerders by Horace Mann High School hoofsaaklik swart Amerikaners sou wees.

[Uit http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry-detail.aspx?entryID=718. Toegang op 8 Januarie 2017 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie pamflet is deur die Mothers' League ('n organisasie wit Amerikaanse vrouens wat teen integrasie was) versprei aan al die belanghebbendes wat Central High School bygewoon het. Dit skets in breë trekke die rigting wat die raad van Central High School sou inslaan rakende die Hooggeregshof beslissing oor die desegregasie van skole in die Verenigde State van Amerika. (Vertaal in Afrikaans en oorgetik)

# WIL JULLE *NEGERS IN ONS SKOLE HÊ?

← *

**AS JULLE NIE WIL NIE, MOET JULLE EERSKOMENDE MAANDAG STEMBUSSE TOE GAAN EN**

# STEM

| VIR VERWYDERING | TEEN VERWYDERING |
|---|---|
| LAMB | McKINLEY |
| MATSON | ROWLAND |
| TUCKER | LASTER |

**DIT IS DIE EENVOUDIGE WAARHEID. AS DIE INTEGRASIONISTE HIERDIE SKOOLRAAD-GEVEG WEN, SAL DIE SKOLE HIERDIE HERFS GEÏNTEGREER WORD. DAAR GAAN ABSOLUUT NIKS WEES WAT JY OF ONS KAN DOEN OM DIT TE KEER NIE.**

## STEM ASSEBLIEF REG!!!

**Kom ons werk saam in hierdie geveg –**
**Stuur jou bydrae aan**

# THE MOTHERS' LEAGUE

**Posbus 3321 . LITTLE ROCK, ARKANSAS**

**Advertensie betaal deur Margaret C Jackson, President; Mary Thomason, Sekretaresse**

[Uit http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/media-detail.aspx?mediaID=6625. Toegang op 17 September 2016 verkry.]

* **Negers**: **'n Afbrekende (neerhalende) term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

**BRON 3D**

Hierdie foto toon soldate van die Nasionale Garde wat vir Elizabeth Eckford wys om 'n ander ingang te vind in haar poging om Central High School binne te gaan gedurende die integrasiekrisis wat in 1957 in Little Rock plaasgevind het.




[Uit http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/media-detail.aspx?mediaID=7784. Toegang op 17 September 2014 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Baines, G. 2012*. 'Replaying Cuito Cuanavale' History Today* Volume 62, Issue 9)

Burnet, A. 2013. *Book of Great Speeches, UK* (Chambers)

http://fliphtml5.com/lpnd/mdrn/basic

http://press.princeton.edu/chapters/pons/s2-9143.pdf

http://score.rims.k12.ca.us/7/

http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry-detail.aspx?entryID=718

http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/media-detail.aspx?mediaID=7784

http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/media-detail.aspx?mediaID=6625

http://www.pbs.org/wnet/supremecourt/rights/landmark_brown.html

https://www.democracynow.org/2013/12/10/nelson_mandela_fidel_castro_a_video

www.pmpsa.gov.za/files/pdfs/synopsis.pdf

www.ssa.gov.za/portals/0/SSA%20docs/speeches/2008/minister%20kasrils%Kuba%2024%20April%202008.pdf

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS V1**

**2017**

**MEMORANDUM**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ________________●________________________●___________________________
  ________________________●______________________________
  ✓✓✓✓✓
  Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.
2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE NA 1946 OP DIE EKONOMIESE SITUASIE IN EUROPA GEREAGEER?

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 1A – V1]*

- 'n Beleid wat deur die Verenigde State van Amerika ingestel is om die verspreiding van kommunisme in Europa te voorkom
- Die Truman-leer en die Marshall-plan het gepoog om die verspreiding van totalitarisme te stuit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Kon dit oral toegepas het
- Kon dit militêr toegepas het
- Kon op ekonomiese hulp wat aan nasies gegee is wat hulle ekonomieë wou herbou gefokus het
- Kon prioriteit gegee het aan okkupasie beleide veral in Duitsland en Japan (enige 3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Die VSA se ekonomie sou groei en sterker word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Deur die verbreking van die bose kringloop
- Deur die herstel van selfvertroue van die mense in Europa
- Die vervaardiger en die boer moet hulle produkte vir geldeenhede kan en wil verruil (enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Daar sal politieke stabiliteit in die wêreld wees
- Vir versekerde vrede
- Om honger, armoede en chaos te stop
- Om die opkoms van politieke en maatskaplike toestande waarin vrye instansies kan bestaan, toe te laat (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*

- Die VSA was bereid om die verspreiding van kommunisme te stop
- Die VSA was bereid om hulp te verleen aan lande om kommunisme te verbrysel
- Die VSA ou kapitalisme en demokrasie beveilig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat deur George Marshall gegee is
- Die voorsien die werklike datum en plek waar die Marshall-plan aangekondig is
- Die inligting dui aan hoe die Marshall-plan geïmplementeer is
- Die bron verduidelik ook die rol wat die Verenigde State van Amerika sou speel in die implementering van die Marshall-plan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Dit kon die Sowjet invloedsfeer ondermyn het in Oos-Europa
- Dit kon Oos-Europa in 'n anti-Sowjet-koalisie mobiliseer (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
(a)
- Stalin het gehoop op samewerking met die Weste, selfs op 'n beperkte skaal
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)
- Stalin het geen hoop gehad op enige kompromis of samewerking met die Weste nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Die Marshall-plan het beoog om die Sowjetunie te omring deur buurlande te ondersteun
- Die Marshall-plan sou die Sowjetunie oopgelaat het vir uitbuiting deur ander buitelandse magte van die Weste
- Die Marshall-plan sou 'n anti-Sowjteblok skep
- Die Marshall-plan sou die Sowjetunie se invloed in Oos-Europa ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Pole
- Tsjeggo-Slowakye
- Hongarye
- Bulgarye
- Roemenië (enige 3 x 1) (3)

1.4 *[Vasstelling van die verskille in Bron 1C en 1B – V3]*
- Bron 1C gee die Sowjetunie se reaksie op die Marshall-plan en Bron 1B gee die Amerikaanse reaksie op die Marshall-plan weer
- Bron 1C gee te kenne dat die hoofdoel van die Marshall-plan was om die Sowjetinvloedsfeer te ondermyn en Bron 1B dui aan dat die Marshall-plan se hoofdoel was om Europese lande ekonomies by te staan
- Bron 1C gee te kenne dat die Marshall-plan 'n offensiewe bedreiging was vir die Sowjetunie terwyl Bron 1B beweer dat die VSA bereid was om enige land te help
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5
1.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Die Marshall-plan word uitgebeeld asof hy ekonomiese en humanitêre hulp verleen
- Dat indien lande nie die Marshall-plan aanvaar nie, hulle arm sou bly, byvoorbeeld, met geen gebotterde brood en met verslonste klere van kinders
- Die mislukking om die Marshall-plan te aanvaar, kon lei tot ekonomiese onder ontwikkeling in sekere lande
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Dit toon dat die Marshall-plan ekonomiese hulp sou voorsien in die vorm van basiese benodigdhede
- Dit toon dat die Marshall-plan finansiële bystand om basiese benodigdhede te koop sal voorsien
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die VSA het met 'n Ekonomiese Plan vorendag gekom om met die heropbouing van die Europese ekonomie na die Tweede Wêreldoorlog te help (eie kennis)
- Die VSA het die Marshall-plan geïmplementeer as deel van hulle stuitingstrategie (Bron 1A)
- Sommige Westerse lande en die VSA beskou die Marshall-plan as 'n poging om Europa ekonomies te herstel (Bron 1A, 1B en 1D)
- Die Sowjetunie sien die Marshall-plan as 'n strategie wat gebruik kon word om kommunistiese invloed in Wes-Europese lande te verswak (Bron 1A)
- Die VSA kon die Marshall-plan gebruik om politieke stabiliteit en vrede in Europa te bewerkstellig (Bron 1B)
- Om die mense se vertroue in die toekoms van Europa te herstel (Bron 1B)
- Die Sowjetunie het gevoel dat die Marshall-plan Sowjetinvloed in Europa sou ondermyn (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het gevoel dat die Marshall-plan ten doel gehad het om 'n vyandige omgewing vir kommunisties-beheerde lande te bewerkstellig (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het die COMECON, die Molotov-plan en satellietstate gevorm (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1946 reageer het op die ekonomiese situasie in Europa.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1946 reageer het op die ekonomiese situasie in Europa.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1946 reageer het op die ekonomiese situasie in Europa.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE BETEKENISVOL WAS DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE VIR SUIDELIKE AFRIKA?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Kuba (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die 'rassistiese weermag' is verslaan
- Lei tot 'vryheid in Suidelike Afrika'/ onafhanklikheid van Namibië/ ooreengekome skikking in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 2A – V1]*
- Voorrade (voedsel, medisyne) en kommunikasies (paaie, brûe) na en uit Cuito Cuanavale is afgesny
- Omsingel en onder aanval
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die slag het die militêre aggressie van die apartheidsmagte tot stilstand gebring
- Militêre nederlaag van die apartheidsmagte het Suid-Afrika meer gewillig gemaak om vredesonderhandelinge te betree
- Die onderhandelings het die onttrekking van Suid-Afrikaanse troepe uit Angola en Namibië tot gevolg gehad
- Lei tot die onafhanklikheid van Namibië (New York Accords)
- Lei tot samesprekings tussen die African National Congress en die Nasionale Party
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Angolese
- Namibiese
- Kubaanse (3 x 1) (3)

2.1.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Het daarin geslaag om Angolese rebelle-soldate in Noordelike Angola te stuit
- Het rebelle-soldate verhoed om die apartheidsweermag in die Suide te versterk

(enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Nelson Mandela en Fidel Castro was kamerade/ bondgenote in die vryheidstryd van suidelike Afrika
- Toon dat daar baie noue bande tussen die ANC en Kuba bestaan
- Gee te kenne dat Suid-Afrika noue bande met Kuba onder 'n ANC-regering sou behou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 2B – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit toon 'n gebalde vuis wat 'n simbool van die stryd sowel as 'n simbool van oorwinning was
- Mandela is sopas vrygelaat na 27 jaar in die gevangenis en die ANC is ontban – daarom was Mandela in Kuba
- Na die SAW se nederlaag by Cuito Cuanavale deur Kubaanse magte het die apartheidsregering tot Namibië se onafhanklikheid ingestem en samesprekings met die ANC begin
- Castro en Mandela het die nederlaag van die apartheidstaat gevier
- Die feit dat Mandela na Kuba as sy eerste besoek na sy vrylating gegaan het lig die belangrikheid van Kubaanse verhouding met die ANC toe/ lig Mandela en Castro se vriendskap toe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Cuito Cuanavale was tweeduisend kilometer van Pretoria
- Cuito Cuanavale was oor die tienduisend kilometer van Havana (2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

- Kuba het mediese praktisyns na Suid-Afrika gestuur om die tekorte aan dokters en gesondheid professionele in die landelike gebiede te adresseer
- Kuba het professioneels gestuur om in breë areas soos gesondheid, onderwys, wetenskap en tegnologie by te staan nadat die ANC-regering in 1994 aan bewind gekom het
- Alhoewel Kuba sy troepe uit Angola onttrek het na die Slag van Cuito Cuanavale, het hulle nog steeds die vryheidstryd deur humanitêre hulp en personeel ondersteun
- Kuba het mediese opleidingsvakleerlingskap aan Suid-Afrikaanse studente gebied
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Angola
- Kuba (2 x 1) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Kubaanse troepe het die 'apartheidsweermag' verslaan
- Die Kubane het hulle lewens opgeoffer uit solidariteit met die vryheidstryd

(enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Hulle het geglo dat die ANC siening 'eensydig' en 'verkeerd' was
- Hulle het geredeneer dat die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het en minder verliese van troepe en voorraad aangeteken het as die Kubaans/Angolese magte
- Hulle glo dat die regering die verlede wanvoorstel en die militêre verslae van die slag (soos Geldenhuys s'n) gebruik om hulle siening te ondersteun
- Die geloof in die oorwinning van die Slag van Cuito Cuanavale en die Grensoorlog het aan baie veterane hulle identiteit gegee
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van Bron 2A en 2D – V3]*

- In Bron 2A het die ANC (Suid-Afrikaanse regering) Cuito Cuanavale as 'n groot oorwinning vir Kuba/Angola gesien terwyl in Bron 2D die SAW veterane beweer dat die SAW die oorlog gewen het
- In Bron 2A die ANC (Suid-Afrikaanse regering) 'n amptelike boekie opgestel om die Kubaans/Angolese oorwinning by Cuito Cuanavale te herdenk terwyl in Bron 2D die SAW veterane en ondersteuners boeke en blogs geskryf het en die sosiale media gebruik het om hulle siening dat die SAW die oorlog gewen het te stel
- Bron 2A staaf dat vir die ANC (Suid-Afrikaanse regering), die oorwinning by Cuito Cuanavale 'n belangrike deel van die geskiedenis van die vryheidstryd was terwyl in Bron 2D, vir die SAW veterane en ondersteuners, oorwinning by Cuito Cuanavale 'n belangrike gebeurtenis in Afrikaner geskiedenis was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Dit het gelei tot vreedsame onderhandelings vir die onttrekking van Suid-Afrikaanse troepe uit Angola en Namibië (Bron 2A)
- Dit lei tot Namibiese onafhanklikheid (Bron 2A)
- Dit het tot die ooreengekome skikking in Suid-Afika gelei (Bron 2A)
- Dit lei tot die ondertekening van die New York Accords (eie kennis)
- Dit lei tot Post-apartheid diplomatieke verhoudings tussen Suid-Afrika en Kuba en lig die vriendskap tussen Mandela en Castro toe (Bron 2B en 2C)
- Dit lei daartoe dat Kuba ondersteuning gee aan Suid-Afrika (Bron 2B en 2C)
- Dit het gehelp om 'n eens magtige (apartheid) regime tot 'n val te bring (Bron 2C)
- Dit het gehelp om tienmiljoene Afrikane in Angola, Namibië en Suid-Afrika insluitend politieke gevangenes te bevry (Bron 2C)
- Dit het die anti-imperialistiese magte in Afrika versterk (Bron 2C)
- Dit het onverbreekbare bande tussen Suid Afrika en Kuba tot stand gebring (Bron 2C)
- Lank na die oorlog het kontroversie oor wie die oorlog gewen het voortgegaan (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip in die verduideliking van die betekenisvolheid van die Slag van Cuito Cuanavale vir Suidelike Afrika.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip in die verduideliking van die betekenisvolheid van die Slag van Cuito Cuanavale vir Suidelike Afrika.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip in die verduideliking van die betekenisvolheid van die Slag van Cuito Cuanavale vir Suidelike Afrika.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERS VAN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN DIE 1950's OP DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL GEREAGEER?**

3.1

3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 3A – V1]*
- 'n Proses wat skeiding van skole gebaseer op ras toegelaat het
- Toelating tot skole gebaseer op ras/ skole geskei volgens rasse
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2 ) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Rassesegregasie van kinders in openbare skole het die Gelyke Beskermingsklousule geskend en is daarom onwettig (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Swart meisies in gesegregeerde skole het 'n lae rasse selfbeeld gehad
- Het gevaarlike minderwaardigheidskomplekse veroorsaak
- Het swart Amerikaanse studente se vermoë om te leer negatief beïnvloed
- Swart Amerikaners sou nie suksesvol wees in hulle lewe nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Superintendent Virgil Blossom. (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Ouers van elementêre studente wou hê dat segregasie by skole moes aanhou (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Begin met nominale desegregasie in die herfs van 1957 by Central High School
- Brei uit na Junior vlak in 1960
- Brei tentatief uit na die elementêre vlak teen 1963 (3 x 1) (3)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
**Die oorplasingsbepaling sou:**
- Onderneem desegregasie by skole teen 'n stadige pas
- Om die integrasie van skole te vertraag
- Voorsiening te maak vir gesegregeerde skole/ Horace Mann sou grotendeels swart Amerikaans bly
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2 ) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Wil julle 'Negers' in julle skole hê?
- Stem teen integrasie
- Stem vir gesegregeerde skole (enige 1 x 1) (1)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Wil julle 'Negers' in julle skole hê?
- As julle nie wil nie, moet julle eerskomende Maandag stembusse toe gaan
- Stem vir verwydering Lamb, Matson, tucker; stem teen verwydering McKinley, Rowland, Laster
- Indien nie moet julle eerskomende Maandag na die stembusse gaan
- Die skole sal hierdie herfs integreer
- Stem asseblief reg (enige 3 x 1) (3)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Dit het mense ontmoedig om te stem vir integrasie by skole
- Dit sou 'n verkeerde besluit wees om vir integrasie van skole te stem
- Dit het nie integrasie by skole ondersteun nie
- Stem om Central High School segregeer te hou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Om te toon hoe die Nasionale Garde nie ag geslaan het op 'n bevel van die Federale hof oor integrasie
- Om te toon dat Elizabeth Eckford verhoed word om Central High School binne te gaan
- Om te toon dat die Nasionale Garde Goewerneur Faubus se bevel nakom om swart Amerikaanse studente te keer om Central High School binne te gaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Die Nasionale Garde het opgetree op bevele van Goewerneur Faubus
- Die Nasionale Garde het 'n weerwraak van anti-integrasioniste gevrees
- Die Nasionale Garde het nie die integrasie van skole ondersteun nie/ hulle was rassiste
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 3D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want:**
- Dit toon die Nasionale Garde wat Elizabeth Eckford verhoed om Central High School binne te gaan
- Dit toon bewyse dat die Nasionale Garde ontplooi is by Central High School
- Dit toon dat Elizabeth Eckford nie op daardie dag skool kon bywoon nie ($4^{th}$ September 1957)
- Dit toon dat die Nasionale Garde bereid was om geweld te gebruik om integrasie te keer (hulle was bewapen)
- dit toon dat die Hooggeregshof se beslissing nie geïmplementeer is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van Bron 3C en 3D - V3]*

- Bron 3C is 'n pamflet van die Mothers' League wat konserwatiewe wit ouers aanspoor om vir 'n gesegregeerde Skoolraad te stem terwyl Bron 3D die Nasionale Garde toon wat keer dat Elizabeth Eckford Central High School binnegaan
- Bron 3C spoor wit Amerikaanse ouers aan om Reg te Stem terwyl Bron 3D die Nasionale Garde toon wat Elizabeth Eckford van Central High School weg wys
- Bron 3C noem dat wit Amerikaanse skole nie 'Negers' wou hê nie en Bron 3D toon dat swart Amerikaners nie toegelaat is in wit Amerikaanse skole nie
- Beide Bron 3C en 3D is uit die oogpunt van anti-integrasioniste
- Beide Bron 3C en 3D toon dat daar teen swart Amerikaners gediskrimineer is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne* – V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die Hooggeregshof se beslissing was dat gesegregeerde skole onkonstitusioneel is (Bron 3A)
- Die Little Rock Skoolraad het ingestem om te bly by die Hooggeregshof se beslissing (Bron 3A)
- Virgil Blossom het die opdrag ontvang om 'n desegregasieplan vir skole te formuleer (Bron 3A)
- Die Skoolraad het die Faseprogram-plan aanvaar (geleidelike desegregasie) (Bron 3B)
- Die Skoolraad het in die geheim besluit om nie skole ten volle te integreer nie (eie kennis)
- Die elementêre skool ouers het teen integrasie gepraat (Bron 3B)
- Die plan het oor fases versprei beginnende met Central High School (Bron 3B)
- Die Mothers League is gestig om integrasie tee te staan (Bron 3C en eie kennis)
- Die Nasionale Garde het Elizabeth Eckford gekeer om Central High School binne te gaan (Bron 3D)
- Die goewerneur van Arkansas, Goewerneur Faubus was teen die integrasie van skole gekant (eie kennis)
- Die Burgerregtebeweging het integrasioniste ondersteun (eie kennis)
- Die menseregte van swart Amerikaners in Arkansas is geskend (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die burgers van Little Rock, Arkansas, in die 1950's reageer het op die desegregasie van Central High School.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die burgers van Little Rock, Arkansas, in die 1950's reageer het op die desegregasie van Central High School.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die burgers van Little Rock, Arkansas, in die 1950's reageer het op die desegregasie van Central High School.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

**(8)**
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate hulle met die bewering saamstem. Hulle moet toelig of die militêre taktieke wat die Viëtkong gebruik het teen die VS weermag superieur was. 'n Analise van hoe die Viëtkong die Amerikaanse inval in Viëtnam teëgewerk het moet ook op uitgebrei word.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of die militêre taktieke wat die Viëtkong teen die VS weermag gebruik het superieur was.

UITBREIDING
- Redes vir die VS betrokkenheid in Viëtnam: om die verspreiding van kommunisme te keer/ domino teorie
- Villagisation was 'n strategiese Hamlet program (VSA en Suid Viëtnam regering het nuwe dorpies gestig om dorpenaars van guerrillas te skei). Dit was 'n mislukking want die dorpenaars self was die Viëtkong
- Die Golf van Tonkin insident het daartoe gelei dat die VS Kongres uiteindelik die Golf van Tonkin Resolusie onderneem het wat President Johnson wye militêre magte gegee het om die oorlogspoging in Viëtnam te eskaleer
- President Johnson gee die opdrag van die massa lugbombardement van die Viëtkong 'Operasie Rolling Thunder' het nie die verwagte effek gehad nie bv. Ho Chi Minh-roete het die taktiek van die Viëtkong geword
- Die Ho Chi Minh Trail was een van die taktieke wat die Viëtkong gebruik het
- Die Viëtkong het voorrade uit die noorde ontvang
- Die Viëtkong het die terrain en die weer suksesvol gebruik om die Amerikaanse weermag te fop
- 'Operasie Ranch Hand' waarin chemikalieë gebruik is bv. Agent Orange om woude te vernietig, Agent Blue om oeste te vernietig en die algehele vernietigingseffek daarvan. VSA se militêre taktieke is oneffektief teenoor die Viëtkong bewys
- Die Tet-offensief: die Viëtkong het beheer oor stede oorgeneem (met VSA basisse)
- Die VSA het soek-en-vernietig missies gebruik wat tot die Mai Lai-slagting gelei het Maart 1968 en groot getalle sterftes onder burgers veroorsaak het. Beide die Viëtnamese burgers en die Viëtkong het hierdie aksie gekritiseer en om weerwraak gesoek. Dit het tot simpatie van die media vir die Viëtkong gelei en het die plaaslike ondersteuning vir die Viëtkong vergroot
- Die VSA het jong onervare soldate gestuur, die gemiddelde ouderdom was 19 jaar, teen die oorlog-geharde Viëtnamese soldate
- Die Viëtkong het uitstekende guerrillataktiek gebruik soos lokvalle
- Die VS troepe veg in 'n vreemde land teen 'n Nasionalistiese weermag wat vir die bevryding van hulle eie land veg

- Die rol van die media, studente (Kent-Universiteits-opstande), musici en ontwapeningsbewegings het die VS regering gedruk om uit Viëtnam te onttrek
- Die sukses van die Viëtkong het gelei tot die Viëtnamiseringsbeleid van Nixon
- Die VSA het hulle troepe onttrek teen 1973 en Saigon het in 1975 geval
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die ekonomiese beleide wat in die 1960's na die verkryging van onafhanklikheid in die Kongo en Tanzanië geïmplementeer is krities bespreek in die skryf van hierdie opstel.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet krities bespreek of die Kongo en Tanzanië in staat was om sterk ekonomiese beleide te ontwikkel en aandui hoe hulle die argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
**Ooreenkomste**
- Die Kongo en Tanzanië het een-produk ekonomieë oorgeërf by hulle onderskeie kolonialiste
- Teen onafhanklikheid het die Kongo en Tanzanië 'n lewendige vervaardigings bedryf gekort
- Die Kongo en Tanzanië het 'n paar gekwalifiseerde tegnici en ingenieurs gehad
- Mobutu en Nyerere het hulle lande en industrieë genasionaliseer om rykdom eweredig te versprei
- Nog die Kongo nog Tanzanië het olie reserwes gehad en albei het ekonomiese krisisse gely toe die olieprys in die 1970's gestyg het
- Beide Mobutu (1970s) en Nyerere (1980s) het besluit om sektore van die ekonomie te privatiseer as gevolg van 'n ekonomiese krisis
- Beide die Kongo en Tanzanië het lenings uit die buiteland en organisasies aanvaar: Vanaf die 1960's het die Kongo finansiële hulp ontvang van die kapitalistiese weste; terwyl van die 1980's Tanzanië geforseer is om Wêreldbank lenings te aanvaar en onderhewig was aan strukturele aanpassingsbeleide
- Nog die Kongo nog Tanzanië het daarin geslaag om 'n betekenisvolle vervaardigingsindustrie te ontwikkel
- Beide Kongo en Tanzanië het afhanklik gebly van die uitvoer van landbouprodukte en minerale
- Beide Kongo en Tanzanië het gesukkel om ekonomies te ontwikkel
- Enige ander relevante antwoord

**Verskille**
- Die Kongo het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel gehad; terwyl Tanzanië 'n sosialistiese ekonomiese stelsel aanvaar het
- Die Kongo het swaar gesteun op buitelandse hulp en kundiges vanaf die vroeë 1960's; terwyl Tanzanië gepoog het om selfonderhoudend te wees en neokolonialisme verwerp het
- Die Kongo se doel was om sy ekonomie te industrialiseer en 'n vervaardigingsbasis te ontwikkel terwyl Tanzanië op sy landboubasis, villagisation beleid en Ujaama voortgebou het
- Die Kongo se ekonomie is gekarakteriseer deur elitisme en nepotisme terwyl Tanzanië pogings aangewend het om deur die 'Leierskap-kode' korrupsie van regeringsamptenare te verminder
- Die ekonomie van die Kongo het groot verskille in rykdom tussen rykes en armes na vore gebring; terwyl Tanzanië gepoog het om ekonomiese ongelykheid te verminder
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of Malcolm X alleen verantwoordelik was vir die ontstaan van die Swartmagbeweging in die VSA. Daar word van hulle verwag om ook die rol wat gespeel is deur Stokely Carmichael en die Black Panther Party uit te lig.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui dat Malcolm X maar net een van die rolspelers was in die opkoms van Swartmag. Hulle moet aandui dat ander rolspelers Stokely Carmichael en die Black Panther Party was.

UITBREIDING
- Opkoms van die Swartmag-filosofie in die VSA gedurende die 1960's

**Malcolm X**
- Malcolm X was 'n kragtige spreker en 'n toegewyde menseregte aktivis
- Malcolm X het geglo in swart skeiding, selfbeskikking (swart nasionalisme) en hy was 'n voorstander van selfrespek en selfdissipline
- Het geglo in die konsep van swart selftrots en selfwaarde/ selfrespek/selfhelp en 'Swarttrots' deur swart Amerikaners aan te moedig om op te staan vir hulle menseregte
- Wou hê dat swart Amerikaners moet opstaan teen wit Amerikaanse owerhede om sodoende vryheid, geregtigheid en gelykheid deur middel van geweld te verkry indien nodig
- Bevorder die gebruik van geweld as 'n manier van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aanval
- Enige ander relevante antwoord

**Stokely Carmichael**
- Het die voorsitter geword van die SNCC (Student Non-violent Coordinating Committee) in
- 1966 en besluit om die leringe van die Swartmagbeweging te aanvaar
- Hy was 'n voorstander van die beginsels van Swartmag (doen dinge op jou eie; beheer politiek in hulle gemeenskappe; wees trots op jou eie kultuur en verdedig hulleself teen rasse onderdrukking en manipulasie)
- Hy glo in nie-geweld as 'n strategie wat nie gewerk het nie as gevolg van die aanhoudende geweld wat deur wit Amerikaners teenoor swart Amerikaners gebruik is
- Bevorder die uitsluiting van 'wit' liberaliste as 'n filosofie van swart Amerikaners
- Stokely Carmichael was ten gunste van Afrika drag en Afrika haarstyle as 'n simbool van swart trots
- Carmichael sluit aan by die Black Panther Party (vir selfverdediging) wat Swartmag tot aksie aangespoor het/'swart trots' filosofie

**Black Panther Party**

- Die rol van Bobby Searle en Huey Newton in die totstandkoming van die Black Panther Party
- Hulle was betrokke by die ondersteunende gemeenskapsprojekte en voedingskemas asook anti-armoede sentrums; vir verdediging teen polisie brutaliteit; het op sosio-ekonomiese omstandighede van swart Amerikaners gefokus en het ook gemeenskap reddingsprogramme gelei
- Die Tien (10) punt-plan het gedien as die Black Panther Party manifes wat hulle maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte ingesluit het
- Die Black Panther Party het betrokke geraak in straatpatrollies; het polisie aktiwiteite gemonitor en hulleself verdedig deur gewere (militante benadering) te dra om die aanhoudende polisie brutaliteit en teistering van jong stedelike swart mans te stop
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou